# LUG U MENING

Uitnodiging om openbare voorleggings

**Wysigingswetsontwerp op Nasionale Kernreguleerder [B 25B - 2023] (a75)**

Die Gekose Komitee oor Grondhervorming, Omgewing, Minerale Hulpbronne en Energie nooi belangstellende persone en belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar oor die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Kernreguleerder [B 25B - 2023] (a75) in te dien.

Dit het ten doel om die Wet op Nasionale Kernreguleerder, 1999, te wysig om sekere omskrywings te vervang en nuwe omskrywings in te voeg; om die Reguleerder te magtig om bykomende regulatoriese funksies uit te voer; om voorsiening te maak vir die ontsmetting, buite diens stelling en die sluit van nasionale weermagfasiliteite, toerusting, masjinerie en afval vir burgerlike gebruik; om voorsiening te maak vir finansiële voorsiening vir koste verbonde aan veilige rehabilitasie of buite diens stelling van fasiliteite om voorsiening te maak vir bykomende bevoegdhede vir inspekteurs; om voorsiening te maak vir administratiewe boetes; om voorsiening te maak vir die daarstelling van die Nasionale Dosisregister; om voorsiening te maak vir ’n gesentraliseerde databasis van bestralingswerkers; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Navrae sowel as skriftelike voorleggings kan per e-pos gerig word aan mnr Asgar A Bawa, Gekose Komitee oor Grondhervorming, Omgewing, Minerale Hulpbronne en Energie by NationalNuclearRegulatorAmendmentBill@parliament.gov.za.

Die sluitingsdatum vir voorleggings is Woensdag, 24 April 2024.

Afskrifte van die wetsontwerp kan verkry word by mnr A A Bawa by selfoonnommer 083 709 8530 of by www.parliament.gov.za.

**Uitgereik deur me T C Modise, LP, Voorsitter van die Gekose Komitee oor Grondhervorming, Omgewing, Minerale Hulpbronne en Energie.**